Laerskool Impala

25 Januarie 2021

Geagte Impie-ouers

Voorspoedige 2021, die eerste maand is so te sê verby en reeds het soveel dinge in die jaar verander dat dit baie onsekerheid kan veroorsaak. Ek wil graag ‘n paar sake kortliks bespreek en vir u moontlike reëlings deurgee met die oog op die heropening van die skool 15 Februarie 2021.

- Alle Skoolbestuurslede en admin-personeel sal vanaf 25 Januarie 2021 op kantoor wees om alles gereed te kry vir die heropening.
- Alle personeel sal vanaf 1 Februarie 2021 by die skool wees om alles gereed te kry vir ons leerders wat op 15 Februarie 2021 sal terugkeer.

Ongelukkig het huidige Covid-situasie en die nuwe datum vir die heropening van skole ons beplanning deurmekaar gekrap. Ons skoolbestuur sal Maandag 25 Januarie 2021 die beplanning vir die Graad 1 leerders aanpas en spoedig aan ons nuwe ouers deurgee.

- Ons beplanning is nog steeds om ‘n **GRAAD 1 - ONTMOET JOU JUFFROUDAG op SATERDAG 13 FEBRUARIE 2021 vanaf 09:00 TOT 11:00 TE HOU**. Die dag is baie spesiaal vir ons by Laerskool Impala want dis aangenaam om ons nuwe ouers en pragtige nuwe Gr 1 leelinge te ontmoed.

Ons beplanning is dat ons weereens van die sosiale media (“WhatsApp-groepe”), Impies webwerf en akademiese-blad, D6 en Facebook-blad gebruik gaan maak om ons ouer op hoogte te hou van inligting rakende skool aangeleenthede. Akademiese tyd is vir ons baie belangrik en ons wil nie onnodig nog tyd verloor nie.

HOOF: MNR W JACOBS

C LE ROUX (ADJUNKHOOF AKADEMIE) M V D WESTHUIZEN (ADJUNKHOOF ORGANISATORIES) L J V RENSBURG (ADJUNKHOOF DISSIPLINE)

35 VAN RIEBEECKWEG
ALLEN GROVE
KEMPTON PARK

TEL : 011 970 3040/1
E-POS : IMPALA@IMPIES.CO.ZA
WEB : WWW.IMPIES.CO.ZA

POSBUS 11141
ASTON MANOR
1630

Ons gaan ‘n “**DRIVE THROUGH**” hou waar handboeke en skryfbehoeftes aan die leerders versprei gaan word om 15 Februarie 2021 dadelik volstoom met alle akademie te begin.

Die “DRIVE THROUGH” sal in Rooibos laan aan die agterkant by die paviljoen plaas vind vanaf 07:45 tot 09:00 en 11:00 tot 13:00.

- **Woensdag 3 Februarie 2021 – Graad 6 en Graad 7**
- **Donderdag 4 Februarie 2021 – Graad 4 en Graad 5**
- **Vrydag 5 Februarie 2021 – Graad 2 en Graad 3**
- Maandag 15 Februarie 2021 en Dinsdag 16 Februarie 2021 sal ons jaarlikse kekdiens plaasvind op die sportterrein.

Sport:

Na aanleiding van verdere inligting wat ons ontvang het sal ons alle sportoefeninge vanaf Dinsdag 2 Februarie 2021 voortsit.

Atletiek Dinsdag 2 Februarie 2021 – Donderdag 4 Februarie 2021

08:00 – 10:00 : Naellope, Middelafstande en Gewigstoot

10:00 – 11:00 : Hekkies, Hoogspring en Verspring

Maandag 8 Februarie 2021 – Donderdag 11 Februarie 2021

08:00 – 09:00 : Naellope, Hoogspring en Gewigstoot

09:00 – 10:00 : Hekkies, Hoogspring en Verspring

Rugby en Netbal oefeninge sal deur die verskeie afrigters deurgegee word.

Covid – prosedures

Dieselfde Covid-prosedures wat in 2020 in plek was,sal weereens ook in 2021 streng nagevolg word omdat die veiligheid van elke Impie leerling en personeel baie hoog geag word. Ons glo Graad 2 tot Graad 7 leerders is reeds vertroud met die prosedures in die oggende en het dit uitstekend gehoorsaam. Kom ons hou so aan.

Wees veilig, bly gesond en dra ‘n masker!

Vriendelike Impiegroete

W Jacobs

Hoof